C. K. OBERHOLZER, *Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,* Uitgewery J. J. Moreau & Kie., Pretoria — Brugge, 1954. Afrikaanse Wetenskaplike Reeks No. II. 314 Bls.

Hierdie *Inleiding* is die tweede werk in die reeks van die „Afrikaanse Wetenskaplike Reeks" wat deur die firma J. J. Moreau onderneem is. Die eerste in die reeks was HERMAN J. DE VLEESCHAUWER se *Handleiding by die Studies van die Logika en die Kennisleer,* 'n werk van 291 bls. wat in 1952 verskyn het. No. III in hierdie reeks is ook al aangekondig, nl. C. K. OBERHOLZER se *Inleiding in die etiese Pedagogiek.*

As ons na hierdie werke kyk, neem die „Afrikaanse Wetenskaplike Reeks" indrukwekkende afmetings aan. Die uitgewers onderneem hiermee 'n taak wat deur geen Suid-Afrikaanse firma gewaag wou word nie. As ons die klein afsetgebied in Afrikaans in ag neem, is dit werklik 'n waagstuk en kan ons nie anders as om dankbaar teenoor die firma te staan nie. As hierdie reeks kan voortgaan, beloof dit om een van die grootste gebeurtenisse van die Afrikaanse wetenskaplike wêreld te word.

Wat die uiterlike betref, word hierdie reeks uitgegee in 'n stewige linneband op baie goeie papier. No. II is reeds 'n groot vooruitgang op No. I in die opsig dat die menigte steurende drukfoute van lg. in eg. feitlik uitgeskakel is.

Wat OBERHOLZER se *Inleiding* betref: die skrywer was by uitstek die geskikte persoon om so 'n taak aan te pak. Hy is geskoolde pedagoog sowel as wysgeer. Waar die prinsipiële opvoedkunde gelykelik na beide rigtings sy eis stel, kon die skrywer ten volle vir sy taak opgewasse wees. Die skrywer toon ook dat hy 'n belydende christen is wat goed op hoogte met die teologiese implikasies van sy materiaal is. Hierdie aspek is van deurslaggewende belang dwarsdeur die boek.

Die boek bestaan uit sewe hoofstukke wat begin by die opvoedingsfenomeen en sy implikasies, voortgaan na 'n fundering van die opvoedingsfenomeen, daarna 'n kritiek lewer op verskillende rigtings in die opvoedkunde en uiteindelik uitloop op 'n laaste hoofstuk wat die verdere probleme aansny en 'n visie oor die breër veld van die pedagogiese problematiek gee. Hoewel die werk in sy geheel 'n besonder gunstige en deeglike indruk maak en van 'n hoë wetenskaplike gehalte is, is daar tog drie dele wat na ons mening die uitstaande gedeeltes is:

1. Die eerste hoofstuk, „Die Opvoedingsfenomeen en sy Implikasies", gee 'n fenomenologiese analise van die opvoedingsfenomeen soos daar o.i. nog nie gegee is nie. Metodologies is dit ook 'n besonder geslaagde manier om die problematiek wat die skrywer wil behandel, aan te voor. Sy analise in hierdie eerste hoofstuk bepaal dan ook wesenlik die res van die werk.

2. Die derde hoofstuk, „Die antropologiese Gegewens waarin die Opvoedingsfenomeen wortel", gaan uit van die standpunt (wat reeds in die eerste hoofstuk vasgelê is) dat opvoeding 'n spesifiek menslike fenomeen is, dat in die verhouding van opvoeder en opvoedeling 'n wesenstrek van die mens tot openbaring kom en dat ons die opvoedingsfenomeen alleen antrolopogies kan fundeer. Die kritiek op die fundering van die opvoedingsfenomeen in ander rigtings en die uiteindelike eie visie wat aangebied word, is seker iets waarvan die wetenskaplike wêreld notisie moet neem.

3. Hoofstuk ses, gee 'n kritiek op die sciëntisties-georiënteerde beskouingsrigtings in die prinsipiële opvoedkunde. Hierdie rigting word geanaliseer as materialisties, naturalisties, evolusionisties-biologies, positivisties, pragmaties, eksperimentalisties en progressivisties en die verskillende aspekte word grondig gekritiseer. O.i. is dit een van die deeglikste kritieke op die sciëntistiese lewensvisie en sy resultate wat daar bestaan en sekerlik die grondigste in Afrikaans. Volgens ons mening sou die skrywer nog sterker in sy saak gestaan

het as hy nie (soos hy doen) die sciëntisties-georiënteerde visie naas die teïsties georiënteerde visie stel nie, maar eg. sien as 'n sekularisasie en verheidensing (in so verre dit die lewensbeskouing en wêreldopvatting betref) van lg.

'n Irriterende aspek van hierdie werk betref meer die styl as die inhoud; dit is die feit dat die skrywer dikwels 'n breedsprakige indruk maak en baie keer herhaal wat reeds gesê is. As ons egter in aanmerking neem dat hierdie werk in die eerste plek geskrywe is om as handboek deur studente gebruik te word, word hierdie dinge duidelik as 'n poging om die stof so gemaklik en oorsigtelik as moontlik aan te bied aan mense wat nog vreemd teenoor die wysgerige sowel as die pedagogiese problematiek staan.

Ons wil die skrywer met hierdie werk gelukwens en dit ten sterkste aanbeveel. Mag die belofte wat hieruit spreek, in die toekoms ten volle bewaarheid word.

P. S. DREYER.